SIG
Saam in diens van God se nuwe wêreld
nuusbrief vir
Durbanville Gemeente
April 2006

Wat beteken Paasfees vir mense in die jaar 2006?

- Ds Gys van Schoor

Paasfees is die grootste fees in ons kerklike jaar. Dit vorm die hart van ons christelike lewe. Paasfees bepaal ons diepste identiteit. Dit bepaal ons lewe. Ons lewe te midde van 'n verbruikersamelewing waarin ons identiteit voortdurend as verbruikers gestempel word. Hierdie verbruikersamelewing wil ons laat glo die lewe gaan oor onsself en oor die bevrediging van ons behoeftes. Ons begin so lewe – met 'n verbruikersidentiteit en mentaliteit. Dan gaan dit vir ons oor ons behoeftes en is ons lewensdoelwit om ons behoeftes te bevredig. En omdat daar beperkte middele is om ons behoeftes te bevredig, word die lewe gesien as 'n kompetisie en word my naaste my vyand. Die krag van hierdie storie sien ons vandag in alle lewensfasette. Van seks tot ekonomie. Ons het vat-en-gryp-mense geword.

Paasfees wil ons help om ons identiteit en ons lewe op 'n heel ander manier te verstaan. Kom ons kyk na 'n paar perspektiewe:

Paasfees help ons om te verstaan **wie God is**!
Nêrens anders word dít vir ons so duidelik nie. Paasfees laat ons sien dat die God van die Bybel, die God is wat Homself so diep na ons toe neerbuig dat Hy die gestalte van die Gekruisigde aanneem. In ons diepste nood, verwarring, hooploosheid, moedeloosheid en eensaamheid stap Hy in, kom woon Hy, kom ly Hy. So, deur Jesus, leer ons God ken. So is God. Dat God so 'n Gestalte sou aanneem sou ons nooit kon gedink het nie … Hy is die "self-opofferende, ontfermende, dienende, gemeenskap-stigtende, lewegewende, omgee-vir-die-ander God" (Dirkie Smit). Hy is ook die Oorwinnaar oor die bose magte en kragte. Die Oorwinnaar oor die dood. Hy is die lewende Here!

Paasfees wil ons egter ook help om te verstaan **wie ons is**.
En om dit te verstaan moet ons verstaan wat met Pase gebeur het. Ek wil dit so verduidelik:

a. vir ons

Met Pase bewerk God in Jesus verlossing – redding vir die wêreld. Hy doen dit – vanuit sy genade, sonder dat ons dit verdien – *vir* ons! Hierdie verlossing en redding bestaan daarin dat God ons in en deur Jesus AL ons sonde vergewe. Sodoende word ons verhouding met God herstel (versoening), en kan ons nou in 'n verhouding met God lewe waarin ons Hom al beter leer ken. Vanweë Pase kan ons oor onsself dink as begenadigdes, vrygespreektes, kinders van God, geliefdes van God!

b. met ons

Met Pase gebeur daar egter nie net iets ***vir*** ons nie, maar ook iets ***met*** ons. Paulus skryf in sy briewe aangrypend daaroor. Ons het deel geword van alles wat met Jesus by die kruis gebeur het, van sy dood tot sy opstanding. Die aan-die-sonde-verslaafde-manier-van-lewe is saam met Christus die graf in. Ons ou manier van lewe, die vir-ons-self-lewe, die manier van lewe as verbruiker waarin dit net gegaan het oor die bevrediging van ons behoeftes, is begrawe, is morsdood! Ons is saam met Christus gekruisig en ons het saam met Hom opgestaan in 'n nuwe lewe! Pase wil ons help om op 'n nuwe manier oor onsself te dink, naamlik as mense wat saam met Christus die oue afgesterf het, maar ook saam met Hom in 'n nuwe lewe opgestaan het.

c. in ons

Maar dit wat God gedurende Pase ***vir*** ons en ***met*** ons gedoen het, wil Hy ook deur die werking van die Heilige Gees ***in*** ons laat gestalte aanneem. Dit behels 'n nuwe gesindheid, 'n nuwe manier van kyk na mense, 'n nuwe manier van dink en 'n heel nuwe manier van lewe. Dit gaan hier oor die radikale trans-formasie van ons lewe van binne af uit om al hoe meer soos Jesus te wees. Dit is 'n voortgaande proses, 'n reis.

d. deur ons

Met Pase kom gee God Homself vir die saak van sy koninkryk en neem Hy ons in diens vir hierdie saak. Hy kies om sy koninkryk (sy nuwe wêreld) te laat kom – *deur* ons! Vanuit Pase kan ons nie oor onsself anders dink as gestuurdes van God in hierdie wêreld nie. Pase stempel ons diepste identiteit as God se gestuurdes in hierdie wêreld. Ons is vensters wat elke dag oop is na die wêreld waardeur mense kan kyk en iets van God in ons kan raaksien, iets van sy genade, sy liefde, sy deernis vir mense. Met Pinkster kom bemagtig God ons vir hierdie taak.

Pase bepaal ons diepste identiteit. Ons is nie meer verbruikers wat net vir onsself leef nie. Immers, na Pase kán ons nie meer vir onsself leef nie, want die liefde van Christus dring ons om vir God te lewe en daarom ook vir ons naaste. Ons word geroep om hierdie Paasidentiteit oral uit te leef – in ons huwelike, gesinne, beroepe, vriendekringe en gemeenskap.

Paasfees

- Ds Tinus van Zyl

uit die WOORD

Waaroor gaan Paastyd? Ek onthou 'n CSV-kamp toe ek in standerd 6 was, waar die kampleier vir 'n uur lank vir ons vertel het hoe grusaam Jesus se lyding was, en toe al ons emosies goed opgesweep is, toe vra hy wie van ons wil ons harte vir die Here gee, waarop ons almal natuurlik gereageer het. Paasfees is egter nie 'n tyd waarop ons op mekaar se emosies speel deur die verskriklikheid van Jesus se lyding te beklemtoon nie. As ons die evangelies lees, en veral Markus se evangelie, is dit merkwaardig hoe min besonderhede hulle oor Jesus se lyding gee. Die hele Markus evangelie, en veral vanaf hoofstuk 8, is 'n opbou na die lyding en sterwe van Jesus. Maar tog, wanneer Markus dan uiteindelik by Jesus se kruisiging kom, sê hy in een kort sinnetjie: Toe kruisig hulle Hom. Dis al wat Markus sê! Niks bloed of spykers of geweld nie.

Baie mense het al verskriklik gely in die geskiedenis, baie mense is al gemartel omdat hulle opgestaan het vir 'n goeie doel, maar ons gedenk nie hulle dood op Paasfees nie. Ons vier Paasfees, omdat die opgestane Here, 'n Here is wat nie met mag en krag regeer nie, maar met diens en broosheid. Deur die hele evangelie van Markus word Jesus se mag beskryf – Jesus doen talle wonders wat wys dat Hy waarlik die Messias is. En dan wanneer Jesus gekruisig word, spot die mense Hom en sê: as jy die Messias is, kom dan van die kruis af! Die ironie is dat Jesus se koningskap juis getoon word wanneer hy aan die kruis hang, want hierdie koning regeer nie met mag en krag en manipulasie nie, maar Jesus regeer deurdat Hy kies om broos te word vir ons, deurdat Hy ons dien en deurdat Hy ons uitnooi om op hierdie kruisweg agter Hom aan te loop. En dit is hoekom ons Paasfees vier, omdat ons Koning vir ons gekruisig is, omdat ons Here ons uitnooi om op die kruisweg, die weg van broosheid, diens en nederigheid, Hom te volg.

uit die WÊRELD

Tsotsi

- Ds Tinus van Zyl

As jy nog nie *Tsotsi* gesien het nie, maak die *Sig* toe, klim in jou motor en gaan kyk dit. As dit nie meer wys nie, gaan neem die video uit. Al is dit vir geen ander rede as om die eerste Oscar-wennende Suid-Afrikaanse film te ondersteun nie. Maar ek smeek jou, moet asseblief nie hierdie rubriek lees nie. In my huis was dit heiligskennis om aan tafel te praat oor 'n fliek wat iemand in die geselskap nog nie gesien het nie, so ek wil asseblief nie met jou gesels oor *Tsotsi* as jy dit nog nie gesien het nie.

Kort voordat ek *Tsotsi* gaan kyk het, het 'n vriend van my gesê dat Christenskap beteken dat 'n stuk van jouself moet sterf, sodat daar nuwe lewe gebore kan word. Toe ek Tsotsi kyk, kon ek nie help om aan my vriend en aan die Paasboodskap te dink nie. Dit was vir my hartroerend om in hierdie fliek te sien hoedat daar 'n stuk van die hoofkarakter, Tsotsi, moes sterf, sodat 'n nuwe mens gebore kon word. Dit is amper asof die tsotsi in Tsotsi moes sterf, sodat David (sy oorspronklike naam) kon lewe. Dit is dan ook interessant dat Tsotsi die baba "David" gedoop het. Tsotsi se eie wil moes sterf, sodat baba David kon lewe. Hierdie sterfproses was egter baie pynvol.

Ons dink dikwels dat om te sterf vir die sonde, of om te sterf vir die ou self is iets wat maklik gebeur, want sonde is mos sleg. Maar sonde, en die ou self, is 'n stuk van myself. Dit is die eie ek in my wat van my afgeskeur moet word, uit my binneste geruk moet word, ter dood veroordeel moet word. Dis niks lekker nie. In die fliek was dit dan ook die mees kosbare ding in Tsotsi se lewe wat hy moes afgee. Dit was nie iets sleg of sondig of boos nie, maar die enigste waardevolle ding in sy lewe wat hy moes afstaan. Ja, om te sterf in myself is die mees pynvolle proses denkbaar, dit is die lydensweg saam met Christus. Maar dit is al hoe die nuwe lewe moontlik is. Slegs deur 'n hande-omhoog-oorgawe aan God, waarin die eie ek tot sterwe kom, en alles wat ek van waarde ag afgegee word, kan die nuwe ek die nuwe lewe in Christus ontdek.

Pinkster is oppad!

- Ds Tinus van Zyl

Die afgelope jaar, veral sedert Pinkster laas jaar, het die Here ons gelei om fyn te luister na die Woord van God. Met behulp van die *Lectio Divina* luister-metode, het ons begin leer om stil te word, en te hoor wat God vandag vir my wil sê deur die Bybel. Ons het ook geleer om na mekaar te luister, en te hoor hoe God met die verskillende lidmate van die gemeente praat. Deur hierdie luister-proses het ons gehoor dat ons gemeente gestuur word na mense wat nie 'n persoonlike verhouding met God het nie.

Vanjaar, tydens Pinkster (28 Mei - 4 Junie), vertrou ek dat God ons gaan leer om die Woord wat ons hoor te *beliggaam* en uit te leef. In Pinkstertyd gaan ons vir 'n week lank na een teksgedeelte luister en na mekaar luister. Maar dit gaan nie daarby bly nie. Ons gaan ook mekaar uitnooi en uitdaag om iets te bring, waarmee jy dit wat jy gehoor het wil uitbeeld: bv. 'n digitale foto, 'n bos blomme, 'n skildery, 'n gedig, 'n lied, 'n gebed, 'n beeld van klei, 'n houtstruktuur, 'n kers … Die gedagte is hoegenaamd nie om mekaar te probeer beïndruk met ons kreatiwiteit nie. Ek self is glad nie kreatief nie. Al waaroor dit gaan, is dat die Woord van God konkrete gestalte kry in die liggaam van Christus.

Bo en behalwe die kreatiewe aspekte van beliggaming, is daar natuurlik ook die baie meer praktiese kant daarvan. By Pinkster eet ons altyd lekker sop na afloop van die dienste, asook heerlike potjiekos by die Fees-ete die Saterdagaand. Dit is maniere waarop ons die gemeenskap wat God tussen ons smee, op 'n praktiese wyse beliggaam. Om dit moontlik te maak, moet mense so gou as moontlik hulle name by die kerkkantoor opgee vir die Fees-ete, en soek ons ook vroue wat sop kan maak en manne wat potjiekos kan maak. Dit is praktiese dinge, maar dit is juis wat dit beteken om die Woord van God te beliggaam.

En dan, na Pinkster is daar 'n geleentheid om hierdie beliggaming na die mense buite die kerk te neem. Met ons "plons"-geleenthede, gaan ons iets van gestuur-wees-na-buite op 'n praktiese manier begin beliggaam. Lees meer hieroor verder in die *Sig*.

Indien jy wil betrokke raak by enige van die bogenoemde aktiwiteite rondom Pinkster, skakel sommer nou vir Jackie Pretorius by die kerkkantoor of besoek die "Nuut" bladsy op die webtuiste, www.durbanvillegemeente.co.za, en gee jou naam daar op.

Plons!

- Ds Gys van Schoor

Ons is 'n gestuurde gemeente – deur God gestuur in die wêreld in. Dit beteken ook in die gemeenskap van Durbanville in. Ons het verlede jaar gedurende Pinkster by die Here gehoor dat Hy ons na mense toe stuur wat nie in 'n verhouding met Hom lewe nie. Ons het toe daarop gewys dat ons nie 'n kursus nodig het om dit te doen nie, ons moet net ons oë en ore oopmaak waar ons ook al elke dag beweeg. WANT …

The christian community must learn to see the daily situations of its members' lives as the primary place for ministry (Darrell Guder).

The primary place where a missionary encounter takes place in the world, is in the Monday to Saturday lives of believers (Lesslie Newbigin).

So elkeen van ons kan ons gestuurde roeping elke dag uitleef – vanuit ons verhouding met Jesus en onder leiding van die Gees.

Ons kan dit maklik op 'n inividuele basis doen. Maar ons gemeente as geheel, word ook geroep om hierdie roeping uit te leef. Daarom moet ons as gemeente ook rondom ons kyk en vra na wie spesifiek stuur die Here ons? Om dit uit te vind moet ons plons!

Plons beteken om na ons gemeenskap uit te reik en te gaan vasstel waar is die Here aan die werk en waar nooi Hy ons om saam met Hom te kom werk. Die doel is nie om mense te bekeer nie. Die doel is om met mense kontak te maak, hulle te leer ken en na hulle stories te luister, sodat verhoudinge kan ontwikkel. Ons wil die mense na wie die Here ons stuur leer ken, sodat ons saam met hulle 'n nuwe geloofsgemeenskap kan vorm.

Dit is nou al lank dat die honderde vreemdelinge wat die afgelope jare binne ons gemeente se grense in die woon-stelblokke ingetrek het, swaar op ons hart lê. Ons weet min van hulle af. Ons weet nie of hulle die Here ken nie. Ons weet nie wat hulle behoeftes is nie. Ons weet nie hoe ons hulle kan dien nie. Die enigste manier om dit uit te vind is om by hulle te gaan kuier. In Maartmaand het 'n groepie uit ons gemeente in die woonstelle gaan plons. Dit was 'n geseënde ervaring – hier is sowaar wonderlike vreemdelinge rondom ons waarvan ons niks weet nie.

Ons wil graag na Pinkster **elke tweede Dinsdagaand** ons uitreikaand maak. Enige iemand wat belangstel kan die kerkkantoor of die predikante skakel.

'n Hoender vir die Here

- Mariëtte Steyn

Ek het onlangs aangebied om die Fondsinsamelingsportefeulje van die kerkraad te bestuur en direk daarna het ek gewonder of dit ooit 'n wyse besluit was. Dis so 'n groot verantwoordelikheid en terselfdertyd is dit seker een van die moeilikste dinge in die lewe om vir mense geld te vra. Verder het ek met die volgende vrae gesit: "Hoe weet ek wat's reg en wat's verkeerd? Waar begin ek? Hoe begin ek?

Miskien is die beste plek om te begin by iemand wat weet hoe – Francois Cillié, saakgelastigde van die NG Kerk, Suid- en Wes-Kaap. Hy weet mos van dié goed …" Maar die Here kom gee vir my toe op 'n heel ander wyse die antwoord.

Ek staan die oggend van my afspraak, in Francois se kantoor vir hom en wag en my oog val op die volgende aanhaling onderaan hierdie meegaande skildery van Portchie: "A chicken for the lord: While I was a student at the University of Stellenbosch, I helped to build small mission churches in the Transkei during my holidays. There you often see people bring something that is precious to them out of gratitude, to the church. I think if you give R10 of the thousands you have, that is giving. But if you give one chicken away of the three you have, that is giving with your heart."

Ja, dit begin by mense se harte weet ek onmiddellik. Maar hoe? Ek besef dat dankoffers ons komitee se eerste plig is. Ja, want ons dankoffer help die kerkraad om die kerk in stand te hou. Dis 'n kerndeel van ons geloofslewe, want daardeur bewys ons ons dank aan die Here.

Hoe dikwels het ek die afgelope klompie jare mense hoor sê: "Wat maak die kerk met al die geld? Ek gaan nie meer gee nie, want … Voordat hulle nie dit of dat nie, sal ek nie …" Ja, vrae ver van die siening dat dankoffer elke gelowige se voorreg is – sonder eise. Maar wat is die maatstaf waarvolgens ek my dankoffer moet bepaal? Die antwoord lê vir my in "Offervaardigheid" wat lê by 'n verhouding met die Here. Dis die dankreaksie as jy beleef wie die Here is en wat Hy doen.

Dankoffers is elke gelowige se voorreg en om die maatstaf van ons Dankoffer te bepaal, gebruik ek graag 3 Engelse woorde: *Should*, *Could*, *Would*.

Should. Dit wat ek as dankoffer aan die Here behoort te gee – volgens die Ou Testament: jou tiende, en volgens die Nuwe Testament: volgens vermoë. Dit wil sê sistematies en gereeld, binne jou begroting oorweeg en sonder dat dit van 'n instansie afgedwing moet word.

Could. Dit is wat jy vir die Here sou kon gee as jy iets opoffer. Waar jy iets ontbeer, sodat jy meer vir die Here se Koninkryk beskikbaar kan maak.

Would. Dit is om die Here te vertrou en 'n dankoffer aan Hom te gee in die verwagting dat Hy die vermoë sal gee.

Elkeen van ons sal as ons na die Here se stem luister ons *Should*, *Could* en *Would* in gedagte hou, wanneer ons ons offers bepaal. Tot hiertoe het dit miskien geklink asof ek net oor Geld praat, maar nee meer nog: Ons het ook hulp nodig by die taakspan wat hierdie Fondsinsamelingsportefeulje vir die kerk moet dryf. Om hierdie hele proses aan die gang te kry, het ons 'n Verbintenisdokument opgestel wat ons tydens die volgende kerkraadsvergadering wil voorlê en dan aan elke besoekpunt wil deurstuur. Daarop sal alle besonderhede verskyn.

Indien u uself egter bereidwillig verklaar om op die taakspan te kom dien, moet u my asb dringend skakel by 082 881 2679. Ons gesels in die volgende *SIG* weer hieroor.

Redaksie

SIG word uitgegee deur Durbanville Gemeente vir sy gemeentelede. Stuur bydraes, voorstelle en kommentaar aan die redakteur by Durbanville Gemeente Kerkkantoor.

Besturende redakteur:
Ds Tinus van Zyl
Redakteur:
Ds Tinus van Zyl
Medewerkers:
Amanda Matthee
Mariëtte Steyn
Ds Rian Verster
Julia Fourie
Administrasie:
Jackie Pretorius

Adres: Posbus 107, Durbanville 7551
Telefoon: (021) 975-6370
Faks: (021) 976-7109
www.durbanvillegemeente.co.za

DANKBETUIGINGS

MARAIS
Charles Gerard

Ons opregte dank aan almal vir die meegevoel, talle oproepe, blomme en eetgoed met die heengaan van ons dierbare eggenoot, vader en oupa op 7 Maart 2006. Ook die bywoning van sy skielike begrafnis maar bowenal die opregte gebede en liefde van al ons familie en vriende word intens waardeer. Soos Habakuk sê: "… Nogtans sal ek in die Here Jubel …"

Dottie Marais, Kinders en Kleinkinders.

Begroting 2006/2007

- Bobby Jooste

		Kontantvloei begroting van Durbanville Gemeente 2006/2007					
				Werklik		Begroot	
Inkomste				**2006**		**2007**	
Maandelikse dankoffers				1809383		1977000	
Bankkollektes tydens eredienste				486442		516000	
Tiende maand se dankoffers				652660		650000	
Kermisinkomste				124487		100000	
Huur ontvang				107226		105000	
Ander diverse inkomste				49886		46735	
				3229984		**3394735**	
Donasies en deurkollektes vir spesifieke aksies				461000		0	(nie begroot)
Spesiale insameling vir saal vergroting				243000		0	
Totale inkomste				**3933984**		**3394735**	
Uitbetalings							
Besoldiging personeel				2053704		2242305	
Sinodale Getuienis aksies en - diens van Barmhartigheid				287131		290000	
Gemeentelike diensaksies				292484		327766	
Eiendomskomitee onkoste				226082		274000	
Administratiewe kostes				201915		195948	
Kommunikasie koste (Bv. SIG, WEB en ALMANAK)				39643		48000	
Uitgawes van eredienste komitees				33347		30200	
Diensverhoudingskomitee (personeel opleiding)				9730		6000	
Fooi aan Buvton vir Gestuurde Gemeente Proses				10000		12500	
				3154036		**3426719**	
Tekort				**0**		**31984**	
Gedeeltelike betaling vir vergroting van saal				318948		0	
Uitbetalings van donasies vir spesifieke aksies				461000		0	(nie begroot)
Uitbetalings				**3933984**			

Opmerkings:

Die vermeerdering van 9.2% waarvoor vir besoldiging van personeel begroot is, is omdat ons vir 2006 nie 5 predikante vir die volle jaar gehad het nie. Vir 3 maande van die jaar was daar niemand in Dr Robert se plek nie.

Ons begroot vir 'n tekort van R31 984.
Dit kan maklik uitgewis word as elke lidmaat die bietjie verligting wat die minister van Finansies maandeliks vir ons op ons inkomste belasting gegee het by sy/haar maandelikse dankoffer voeg!

Die Kerkraad wil so graag baie meer Gemeentelike diensaksies begin, maar die fondse uit die kas is te min.

Die finale koste vir die bouprojek beloop ongeveer R398 000.00. Hiervan is R243 000.00 dmv 'n spesiale projek ingesamel. Die balans van die uitgawes vir die koste van die uitbreiding van die saal sal ons uit kapitaal betaal.

Besoek die nuwe webblad!

- Ds Tinus van Zyl

Wil jy weet wie preek Sondagoggend? Wonder jy of daar hierdie Sondag kategese vir jou kinders is? Wil jy by 'n kleingroep inskakel maar jy weet nie met wie om te praat nie? Wil jy deur 'n predikant besoek word, maar jy weet nie wat sy nommer is nie? Wil jy 'n afskrif hê van Sondag se preek? Wil jy weer 'n artikel gaan lees in laas maand se *Sig*? Weet jy van 'n nuwe intrekker in jou straat wat deur die gemeente gekontak moet word? Weet jy van iemand wat bystand benodig van die omgeediens? Wil jy jou kind laat doop? Wil jy betrokke raak by 'n uitreik? Wil jy 'n debietorder invul of 'n internet oorbetaling maak om jou dankoffer te betaal? Wil jy kleur foto's sien van die voedsel- met wynfees?

Besoek die nuwe webblad! Die nuwe webblad is spesiaal ontwerp om kommunikasie vanaf die kerkkantoor na die gemeentelede en vanaf die gemeentelede na die kerkkantoor te verbeter. Besoek dit asb, selfs al is geen van die bogenoemde vrae op jou van toepassing nie. Gaan besoek dit en kyk of daar dalk iets is wat vir jou interessant is. Die webblad se adres is www.durbanvillegemeente.co.za. Die kerkkantoor wag in spanning om van jou te hoor.

Wen R50 kontant,

geborg deur Design A Print, met jou blokkiesraaisel!

Opgestel deur Johan Joubert

Leidrade Dwars:

1. Paulus se selmaat in die tronk in Filippi. (Hand. 16)
5. Hierdie profeet was 'n skaapboer van beroep.
7. 'n Stad in Klein-Asië wat deur Paulus op sy eerste twee sendingreise besoek is. (Hand. 13)
8. Die Romeinse goewerneur wat vir Paulus gesê het: "Dit is nou genoeg! Gaan maar terug en as ek tyd het, sal ek jou weer laat roep." (Hand. 24)
9. 'n Aramese woord wat gek of domkop beteken. (Matt. 5 o.v.)
11. Salomo het die huis van die Here in Jerusalem op hierdie berg laat bou. (2 Kron. 3)
12. 'n Stad in Moab (Num. 21 o.v.)
13. Een van Noag se drie seuns.
16. In hierdie dorpie, 12 km vanaf Jerusalem; het Kleopas gewoon. (Luk. 24)
18. Op hierdie berg het Elia se onderonsie met die Baälpriesters plaasgevind. (1 Kon. 18)
21. 'n Lengtemaat waarvan ons in die Bybel lees. (Gen. 6:15 o.v.)
22. Jakob se naam is later verander na _____. (Gen. 32)
23. Volgens Rom. 12 moet ons nie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar God toelaat om ons ___ te vernuwe.
24. Rut het op die land van Boas gaan ___ optel. (Rut 2)
25. Vir hierdie profeet het klein seuntjies gespot met die woorde: "Hoër op, kaalkop! Hoër op, kaalkop!" (2 Kon. 2)
26. Hier was 12 waterfonteine en 70 palmbome. (Eks. 15)
27. Hy was vir 41 jaar lank koning van Juda. (2 Kron. 16)
29. Die twaalf verkenners het vanaf hierdie spruit in Kanaän 'n swaar druiwetros saamgebring. (Num. 13)
31. Die grensrivier tussen Moab en die Amoriete. (Num 21)
33. Oudste broer van Dawid. (1 Sam. 17)
34. 'n Koning van Israel, die ryk van die tien stamme. (1 Kon. 16)

Leidrade Af:

1. Die bynaam wat Jesus aan die apostel Simon gegee het. (Joh. 1)
2. Die tweede seun van Samuel wat, net soos sy broer Joël, 'n rigter in Berséba was. (1 Sam. 8)
3. 'n Beroemde stad in Edom. (Gen. 36)
4. 'n Aartsengel. (Jud.)
5. Vader van Moses en Aäron. (Eks. 6)
6. 'n Kanaänitiese meisie met wie Juda getrou het. (Gen. 38 o.v.)
7. Die seun van Abraham en Hagar. (Gen. 16)
10. Die Jebusiet wie se dorsvloer Dawid gekoop het om daarop 'n altaar vir die Here op te rig. (2 Sam. 24)
14. Afkorting vir een van die boeke van die Pentateug.
15. 'n Fontein in die Surwoestyn waar die Isrealiete nie die water kon drink nie omdat dit bitter was. (Eks. 15)
17. Fil. 4:6 lees: "Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en ____ en met danksegging aan God bekend.
19. Ons kan sê Naäman het aan 'n baie ___ siekte gely. (2 Kon. 5)
20. Omdat ons die uitverkore volk van God is, moet ons ___, goedgesind, nederig, sagmoedig en verdraagsaam wees. (Kol. 3)
21. Hy was Naomi se man. (Rut 1)
22. Die vyfde seun van Jokob en sy vrou Lea. (Gen 30)
23. 1 Jess. 5:18 lees: "Wees in alle omstandighede ___ want dit is wat God in Christus Jesus van julle verwag."
25. Hierdie woord beteken: God by ons. (Matt. 1 o.v.)
28. Sy is deur die Farao van Egipte as vrou aan Josef gegee. (Gen. 4)
30. 'n Ander woord vir die leraar of leier van 'n erediens.
32. Hierdie boek verskyn net voor Psalms in die Bybel.

Persoonlike besonderhede:

Naam: _____

Van: _____

Tel: _____



Reëls

1. Voltooi ook die skeurstrokie en handig in by die kerkkantoor of plaas tydens eredienste in die kollektebordjies.
2. Slegs 1 inskrywing per persoon.
3. Die beoordelaars se beslissing is finaal en geen korrespondensie sal gevolg word nie.
4. Sluitingsdatum - 23 Mei 2006

Uitreik - Jonk en oud na die Transkei!

- Christi Thirion

Dis drie-uur in die oggend. Jou neus en ore voel of hulle wil afval van die koue. Die reuk van diesel hang swaar in die lug en jou maag kriewel oor die onbekende wat voorlê …

Nee, dis nie die eerste toneel uit *Boetie gaan border toe* nie, hoewel dit iets uit te waai het met Boetie en die 'border.' Dis weer tyd vir die Decoligny uitreik in die ou Transkei. Die konneksie met boetie is dat dit 'n geleentheid is vir die jongmense (jonk in ouderdom of jonk van gees) om diensbaar vir die evangelie te

wees in 'n omgewing wat niks met jou eie vergelyk nie, en dan is die Transkei natuurlik in die Grensarea (kyk in jou geskiedenisboek hoekom dit die Grens genoem is).

Ons gemeente is al 'n geruime tyd betrokke by ds Willem Botes wat die leraar van die plaaslike VGK gemeente is. Ds Willem bedien 'n omgewing van ongeveer 3,480km² met agt buiteposte, waarvan die verste een 50km ver is. Jy sal met my kan saamstem dat dit nogal 'n wye stuk wêreld is en dat dit moeite is om by almal uit te kom.

Wat ons beplan om te doen, is om hierdie jaar die "Link"-buitepos te gaan herstel. Ons gaan verf en draad span, en sommer net mooi maak, om te verseker dat die gemeentelede by hierdie buitepos veilig en gemaklik die Here kan loof en aanbid vir dit wat Hy alles doen in hul lewens.

Indien jy belangstel om hierdie unieke ervaring mee te maak, kan jy 'n inskrywingsvorm by die jeugkantoor kom kry, en as die R1200 bietjie te veel is om met jou sakgeld te dek, kan jy 'n borgvorm ook by die jeugkantoor kom kry. Vir enige navrae, bel vir Christi by die kerkkantoor (975 6370) of op sy selfoon (082 728 9762).

Hier is 'n paar foto's om jou lus te maak…

Franci trou!

- Ds Tinus van Zyl

Op die 29ste April 2006 trou ons kinderbediening se flukse en ywerige jeugwerker, Franci van Zyl, met die stil en sjarmante Wihan Nel. Laas jaar het Wihan saam met die jeug op die uitreik na Decoligny gegaan, en na tien dae saam met hierdie rustige en betroubare man in die Transkei, kon die jeug ook sê: "Franci, jy gaan met 'n goeie man trou!" Baie mense in die gemeente ken nou al vir Franci, omdat sy so woel en werkskaf met die kinders in die familiediens en junior kategese, in die Laerskool, in die kinderhuis en wie weet waar nog oral. Maar minder van ons gemeentelede ken vir Wihan. Miskien het jy hom al gesien saam met Franci, want hy is dikwels aan haar sy, maar die kans dat jy hom al gehoor het, is skaars, want hy is nie 'n spraaksame kêrel nie (en daarom vul hy en Franci mekaar so goed aan!). Wihan is 'n chemiese ingenieur en hy werk met die suiwering van produkte soos suiwel, wyn en water, deur middel van sonkrag. So as jy wil weet hoe word jogurt gemaak, of hoeveel wurms is daar in ons water, vra vir Wihan, hy sal vir jou kan sê. Dit is wonderlik om te kan sien hoedat Wihan soos 'n onwankelbare steunpilaar vir Franci is, wat haar instaat stel om net hoër en hoër hoogtes in haar bediening met die kinders te bereik. Dit was ook heerlik om die afgelope jaar saam met hulle opgewonde te raak oor die verskeie maniere waarop God in hulle behoeftes voorsien het en die deure vir hulle huwelik oopgemaak het.

Ons wens vir Franci en vir Wihan toe 'n geseënde troudag, 'n wittebrood waarop hulle goed kan uitrus en 'n lang en vreugderyke huwelik. Mag God al julle drome waar maak!

Petrus en Lisle sê...

- Ds André van Wyk

Liewe Vriende
Eerstens baie, baie, baie dankie vir al julle ondersteuning oor die afgelope paar weke.

Josia: Ons baba seun
Dit gaan regtig goed met ons seuntjie. Hier is die "vital statistics":

- Gebore op amper 30 weke.
- Huidige gewig: 1.7kg.
- Geelsug is hoër as normaal, maar onder beheer.
- Voeding: hy kry twee keer 'n dag 'n bottelvoeding en een borsvoeding.
- Apnea (toestand waar baba's ophou asemhaal): hy kry dit so twee tot drie keer per dag op hierdie stadium. Hy kry medikasie daarvoor. Daar is 'n waarskynlikheid dat hy 'n monitor daarvoor sal moet hê as hy huistoe kom.

Die afgelope paar weke was vir ons 'n heilige tyd, met baie uitdagings en groot genade. Deur hierdie hele ervaring was dit amper tasbaar hoe die Here ons vasgehou en versorg het. Verskeie Antioch-mense het vir ons kos gebring. Verskeie mense van ons gemeente het vir ons kom bid en ons ontmoet elke nou en dan mense wat vir ons gebid het sonder om ons eers te ken. Dankie vir elkeen van julle wat vir nog mense gevra het om ook vir ons te bid. Julle gebede het ons gedra en geseën.

Ek (Petrus) het een middag regtig gevoel die Here praat met my. Ek het met Esmarie gaan stap en was depressief oor Josia se toestand. Om beter te voel, sê ek toe 'n Psalm op: Psalm 46:6: "Nations are in uproar; Kingdoms fall ..." Toe roep ek uit tot God en vra Hom hoekom Josia se klein lewetjie vir my so belangrik is as daar soveel groter dinge in sy wêreld aan die gang is? Skielik was dit vir my duidelik: WAT EK VIR JOSIA ERVAAR, IS NET 'N SKADUWEE VAN GOD SE VADERHART!

Dit lyk asof ons toekomsplanne en reisplanne aansienlik kan verander. Ons sal beter weet as Josia huistoe kom en sal in ons volgende nuusbrief meer besonderhede gee.

Antioch Ministries International (AMI) Opleiding: Ons het die afgelope twee weke die sendingorganisasie waarby ons wil aansluit se opleiding gedoen. (Ons het twee weke klas gemis om dit te kon doen en sal dit moet opvang.) Die fokus was op die waardes van die organisasie en ons het BAIE Bybel gelees. Lisle het veral besef dat sy 'n bewussyn moet kweek van hoe dit met haar verhouding met God gaan. Ek (Petrus) het opnuut besef dat ek meer prakties moet wees met evangelisasie en het verder besef dat die Bybel nog meer moet deel word van my. Ons het dit baie geniet, alhoewel dit twee vol weke was met die opleiding en hospitaalbesoeke. Oor die algemeen het ons opnuut besef dat ons volkome identifiseer met die waardes van hierdie mense.

Baie seën en liefde
Petrus & Lisle